NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK

BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE AMPTELIKE STANDPUNT VAN DIE GEMEENTE

Dit is die oortuiging van die gemeenteraad dat daar met omsigtigheid omgegaan moet word met ‘n groot aantal sake in die kerk waaroor daar wyd uiteenlopende meningsverskil bestaan. Verwarring oor die standpunte van die breë kerk, gemeentes, leraars en ander ampsdraers oor verskillende sake bedreig die eenheid van die gelowiges.

In die praktyk word persone deur individue, bedieninge en kleingroepe genooi om as sprekers oor verskillende onderwerpe in die gemeente op te tree. Hierdie persone kan gemeenteleraars, gemeentelede en persone van buite wees.

STANDPUNT VAN DIE GEMEENTE

Standpunte en opinies wat enige persoon/spreker tydens optredes in die gemeente uitspreek is nie noodwendig die amptelike standpunt of opinie van die gemeente of gemeenteraad oor enige spesifieke saak nie. Die amptelike standpunt van die gemeente oor ‘n saak kan alleen geformuleer word deur die gemeenteraad en sal as sodanig bekend gemaak word.

Dit is vir ons belangrik om verskillende opinies aan te hoor ten einde beter ingelig te wees en beter besluite te kan neem. Die gemeenteraad oordeel self oor watter sake hy ‘n amptelike besluit wil formuleer.

REËLING IN VERBAND MET DIE NOOI VAN SPREKERS

Dit bly egter vir ons belangrik om omsigtig te werk te gaan wanneer mense genooi word om in die gemeente op te tree aangesien die doel van sulke optredes altyd is om tot opbou van ons gemeente te dien. In die lig hiervan besluit die gemeenteraad as volg:

1. Wanneer persone genooi word om in die gemeente te praat tydens gesamentlike byeenkomste of tydens geleenthede waarheen oop uitnodigings gerig word, moet die persoon of groep wat die reëlings wil tref dit vooraf aan die leierleraar voorlê vir goedkeuring. Die normale praktyk sal wees dat dit tydens die predikante vergadering amptelik goedgekeur word. Die gemeenteraad versoek verder dat die individu of groep wat die geleentheid reël en bemark, sensitief sal wees vir die manier waarop dit bemark word, veral om nie die indruk te skep dat hier namens NG Eldoraigne Familiekerk oor die saak gepraat word nie.
2. Wanneer sprekers genooi word om voor ‘n geslote groep (bv kleingroep) op te tree versoek die gemeenteraad dat die persoon of groep wat dit reël, dit informeel teen een van die leraars of herderleiers sal klankbord. Die doel hiervan is nie sensorskap nie maar eerder omsigtigheid, altyd ter wille van eenheid en goeie verhoudinge in die gemeente.

17 Augustus 2006